

Woensdag 13 Junie

Skrifgedeelte: Esra 10:7-17

Fokusgedeelte: Esra 10:10-11

## Skuldbelydenis is nodig om ons verhouding met God reg te maak

Ons kan nie God dien en eer en terselfdertyd 'n sondige lewenstyl handhaaf nie. Esra het hierdie waarheid opnuut onder die Israëliete se aandag gebring.

Wat doen jy wanneer jy besef dat jy aan die Here ongehoorsaam is? In die eerste plek is dit nodig dat jy die omvang van jou skuld besef. Sonde raak nie net jou eie lewe, of miskien jou gesin nie. Dink maar aan die gevolge wat 'n buite-egtelike verhouding of ver-slaving op 'n familie kan hê.

Ongehoorsaamheid raak ook jou verhouding met God. 'n Sondige lewenstyl veroorsaak dat God nie die eer kry wat Hom toekom nie. Dit is daarom baie belangrik dat ons besef dat ons verkeerde optredes God se eer raak en dat ons teen Hom sondig. Bekering begin waar ons ons skuld teenoor God bely. Wanneer ons besef hoe groot ons skuld voor die enige, lewende God is, sal ons ook besef hoe belangrik dit is dat ons lewens verander.

Ons kan nie op eie stoom ons lewens verander nie. Ons het nodig dat God deur sy Gees in ons lewens werk om ons te verander en te vernuwe sodat ons as sy afgesonder-de mense kan leef. Sy Gees stel ons in staat om radikale besluite te neem en te breek met ou, sondige gewoontes sodat ons tot God se eer kan leef.

*Sing: Skrifberyming 9-3:1, 2*

*Ds. EJ (Edmund) de Beer (Laeveld)*